**In die begin was die Woord God**

**Joh 1:1-5**

**12 Januarie 2025**

1. Motivering vir Johannes: NT fokus, vervulling van verbondsbeloftes, in diepte bespreking
2. Bronne:
    a. Let's study John – Mark Johnston
    b. Tyndale kommentaar oor Johannes – RVG Tasker
    c. The Gospel according to John – DA Carson
3. Inleidende opmerkings
    a. Skrywer: Johannes, die dissipel vir wie Jesus lief was (Joh 21:20, 24)
    b. Datum: Waarskynlik laat 80's, vroeë 90's nC
    c. Verskil van sinoptiese evangelies: beskryf minder insidente (slegs 8 wonderwerke, geen gelykenisse nie), fokus eerder op preke/gesprekke van Jesus
    d. Doel van die evangelie (Joh 20:30-31):
        - Jesus is: Christus/Messias en Seun van God
        - Jesus is bron van lewe
4. Struktuur:
    a. Joh 1:1-18 – Proloog
    b. Joh 1:19-11:57 – Jesus se openbare optrede
    c. Joh 12:1-19:42 – Week van Jesus se sterwe (helfte van boek fokus op 1 week)
    d. Joh 20:1-21:25 – Jesus se opstanding, begin van verspreiding van evangelie
5. Wie is Jesus? (Joh 1:1-2)
    a. In die begin: verwys na die skeppingsgebeure (Gen 1:1)
    b. Woord: God het deur Woord geskep, Woord openbaar God, God se Woorde en dade stem ooreen, Jesus is die Woord (Joh 1:14)
    c. Was: Jesus was alreeds in die begin (vgl met begin van ander evangelies)
    d. By God: Jesus is onderskeibaar van God, en tog belyn met God
    e. God: Jesus is God – al sedert die begin (selfs daarvoor)
6. Wat het Jesus al gedoen? (Joh 1:3)
    a. God het deur Jesus alles geskep (vgl Kol 1:16-17a, Heb 1:2)
    b. Jesus is nie net 'n babatjie in die krip nie – Hy is die Skepper van alles
7. Wat is die verband tussen Jesus en ons? (Joh 1:4)
    a. Jesus is die bron van lewe – fisiese lewe geskep as die Skepper
    b. Jesus is die bron van lig – fisiese lig geskep na die donker op die aarde (Gen 1:2)
    c. Johannes wil meer leer: Jesus is die bron van ware lewe en ware lig
8. Hoekom is Jesus so belangrik? (Joh 1:5)
    a. Voor sondeval was daar hoop op ewige rus (ewige lewe)
    b. Met sondeval het dood en donkerte gekom
    c. Sedertdien is daar stryd tussen lewe en dood, lig en donker
    d. Jesus is egter die bron van ware lewe en lig – wat nie uitgedoof sal word nie
9. Opsomming
    a. Jesus is die Christus en die Seun van God
    b. Jesus was altyd en is altyd God
    c. Jesus is die Woord deur wie die Here Homself openbaar
    d. Jesus is die Een deur wie God geskep het
    e. Jesus is die bron van ware lig en lewe – wat nooit uitgedoof sal word nie